



UNIVERSITY OF CAPE TOWN

CENTRE FOR
SOCIAL SCIENCE RESEARCH

Laingsburg Bestuursopname, Rondtes 1 en 2: Produksie en Winsgewendheid

Beatrice Conradie

CSSR Working Paper No. 366

August 2015



Published by the Centre for Social Science Research
University of Cape Town
2015

<http://www.cssr.uct.ac.za>

This Working Paper can be downloaded from:

<http://cssr.uct.ac.za/pub/wp/366/>

ISBN: 978-1-77011-353-4

© Centre for Social Science Research, UCT, 2015

Creative Commons Attribution 4.0 International
(C.C. by 4.0) licence: <https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>

About the author:

Beatrice Conradie is an associate professor of economics and director of the Sustainable Societies Unit at the University of Cape Town.

Acknowledgements:

Rondte 2 van die Laingsburg Bestuursopname is deur die Nasional Departement van Landbou, Bosbou en Vissery deur middle van kontrakte 20638 and 18919 befonds. Ek wil ook graag die mense van die Koup vir hulle besondere gasvryheid bedank.

Laingsburg Bestuursopname, Rondtes 1 en 2: Produksie en Winsgewendheid

Opsomming

Ons beskik oor redelik betroubare bestuursinligting vir 48 produsente wat saam op ongeveer 50% van die landbougrond in Laingsburg se distrik boer. Die groep se gemiddelde speenpersentasie was net 'n raps kort van 80% oor die afgelope twee jaar, maar wissel na gelang van boerderytipe. Die gemiddelde veebelading van 12.7 hektaar per groot skaap word ook deur boerderytipe bepaal. Dorpers is die hoof ras en die wolboere se vesel:vleis verhouding is die verwagte 40:60 verhouding. Daar was nie in een van die jare 'n beduidende verskil in die winsgewindheid van die drie kommersiële skaapproduksiestelsels nie. Daar was egter wel 'n verskil tussen die skaapboere se netto boerederyinkomste en die van die deeltydse/besproeiingsboere. In 2012 het die kommersiële boere gemiddeld R202 per skaap gemaak. Dit het in 2013 na R215 per skaap gestyg. Die deeltydse/besproeiingsboere het op dié basis in beide jare 'n verlies gemaak, bloot omdat hulle ander bronne van inkomste nie in berekening gebring is nie.

Agtergrond

Wetenskaplikes en ekonome span in die *Karoo Predator Project* saam om die effek van rooikatte en jakkalse op skaapboerdery, en *vice versa*, te bepaal. Die projek is in November 2011 met befondsing van die Universiteit van Kaapstad, die *Centre for Social Science Research* by die universiteit, die WWF/Nedbank Groen Trust en die bedryf van stapel gestuur. Die twee hoofelemente van die studie is 'n bestuursvraelys waarvoor Beatrice Conradie verantwoordelik is en Marine Drouilly se doktorsale studie oor die dieet en bewegings van roofdiere.

Drouilly maak van satelliet tegnologie gebruik om enkele jakkalse en rooikatte se bewegings uurliks te monitor. Dieet word met behulp van mismonsters en die oorblyfsels van karkasse by vreetplekke bepaal en die algemene stand van die wildslewe is met wildskameras vasgestel. Wild is net so volop on skaapplase as in die Anysberg Reserwaat. Voorlopige data dui daarop dat jakkalse meer volop as rooikatte is en dat kleinvee moontlik 'n kleiner komponent van die rooikatdieet as van die jakkalsdieet uitmaak. Die satelietmonitering het bevind dat jong jakkalse oor baie groot afstande kan beweeg om 'n nuwe gebiede te

soek. 'n Jong reun het in vier maande 1 866km afgelê terwyl 'n jong tefie sowat 1 498km in agt maande beweeg het. Tot dusver het nie een van die diere wat gemonitor word die N1 oorgesteek nie, maar nie een van hulle het enige respek vir heiningsdrade nie. Dit is dus belangrik dat beheeraksies goed gekoördineer word en dat die landbou goeie verhoudings met parkowerhede in hulle gebied handhaaf. Dit sal nog ongeveer 'n jaar duur voordat Drouilly se studie afgehandel is.

In 2014 het Dr. Marian Tafani by die projek aangesluit. Haar *post-doc* bestudeer die bobbejaanprobleem in die Koup. Hierdie element van die projek sal ongeveer twee jaar duur.

Bestuursopname

Die eerste rondte van die bestuursopname is in November 2012 voltooi. Dit het die 2012 produksie-seisoen gedek. Die tweede rondte, wat oor die 2013 seisoen gehandel het, is in September 2014 afgehandel. Daar het 48 produsente aan beide rondtes deelgeneem. Hierdie pamflet dek produksiedata en finansiële syfers van 2012 en 2013 vir die groep. Alle finansiële syfers is in rieële 2012 pryse. Syfers vir 2013 is met die verbruikersprysindeks defleer. Die derde rondte, wat oor die 2014 seisoen sal handel, sal in September en Oktober 2015 plaasvind. Daar sal uiteindelik vier of vyf rondtes van die opname gedoen word, wat ons in staat sal stel om die winsgewindheid van die stelsel oor goeie en slegte jare te monitor. Die produsente in die steekproef besit 55% van die kleinvee wat in die 2007 sensus aangeteken is en volgens die 1993 sensus, 49% van die landbougrond in Laingsburg se distrik.

Boerdertipes

Die plase is in vier tipes verdeel: 1) Klein vleisboere wat op minder as 6,000 hektaar boer en geen wolskaap of angoras aanhou nie, 2) groot vleisboere wat op 6,000 hektaar of meer boer en geen wolskaap of angoras aanhou nie, 3) wol- en bokhaarboere en 4) ander. Daar is twaalf klein vleisboere, dertien groot vleisboere, 15 wolboere en agt ander boere. Laasgenoemde groep sluit deeltydse en besproeiingsboere in. Die vleiskuddes bestaan hoofsaaklik uit Dorperskape en boerbokke.

Die kleinste plasies behoort aan die klein vleisboere wat op so ongeveer 4 000 hektaar boer. Die besproeiingsboere en deeltydse boere besit ongeveer 'n duisend hektaar meer, terwyl die groot vleis- en wolprodusente op ongeveer

10 500 hektaar boer. Die groot vleisboere se kuddes is dubbel so groot as die van die klein vleisboere en omtrent 10% kleiner as die van die wolboere. Soos verwag kan word is die deeltydse en besproeiingsboere se kuddes die heel kleinste, en dus is hulle veebelading die laagste. Die wolboere boer teen so ongeveer 10.5 hektaar per grootskaap (ooie en hamels), terwyl die groot vleisboere 12.5 hektaar of meer per ooi toelaat. Dit is konserwatief aangesien die departementele aanbeveling vir die gebied tussen 42 en 46 hektaar per grootvee-eenheid wissel. Die deeltydse- en besproeiingsboere se kleinveekuddes bestaan uitsluitlik uit Dorpers. Die groot vleisboere se kuddes bevat 85% Dorpers en dié van die klein vleisboere meer as 95%. Dit was verrassend om te sien dat die wolkuddes self uit gemiddeld 12% Dorpers bestaan.

Die 2012 seisoen was droog, terwyl die reënval in 2013 effens verbeter het. Die gemiddelde berigte reënvalsyfers vir 2012 en 2013 was onderskeidelik 139 en 161 millimeter. Die beter seisoen het tot hoër speengetalle aanleiding gegee. Dit is tans (Augustus 2015) baie droog en baie produsente voer reeds maande lank.

In die meeste gevalle maak die boerdery 'n belangrike deel van die gesin se inkomste uit. Die uitsondering is die deeltydse- en besproeiingsboere waar die plaas tot ongeveer 40% van die huishouding se inkomste bydra. Vleis dra meer as 80% en 90% van die boerderyinkomste op onderskeidelik klein en groot vleisplase by. Die syfer vir deeltydse boere lê tussen 45% en 49% en vir wolboere lê dit rondom 55%. Vir laasgenoemde het vesel 34% van boerderyinkomste in 2012 bygedra, terwyl die syfer vir 2013 39% was. Sien Tabel 1 op bladsy 6 vir meer besonderhede.

Reproduksieprestasie

Die getal lammers gespeen, verkoop, gevang, ensovoorts word in Tabel 2 aangedui. Die statistiese verskille is hoofsaaklik as gevolg van die verskille in die grootte van die kuddes. Die speen- en vervangingspersentasies kan egter direk met mekaar vergelyk word. Daar was 'n beduidende verskil in 2012 toe die kleinvleisboere gemiddeld 99 lammers per 100 ooie gespeen het terwyl die deeltydse en besproeiingsboere slegs 67 lammers per 100 ooie gespeen het. In 2013 het die klein vleisboere se speenpersentasie afgekom en die deeltydse/besproeiingsboere s'n het gestyg, met gevolg dat die verskil nie meer beduidend was nie. Die gemiddelde speenpersentasie vir die kommersiële skaapboerderye was 82% oor die twee jaar. Die wolboere se speenpersentasie van 70% in 2012 is presies gelyk aan die langtermyn gemiddeld vir Carnarvon Proefplaas se Merino trop (Olivier *et al.*, 2001). Die persentasie ooie vervang lyk gesond.

Tabel 1: Basiese beskrywing van elke boerderytype

| Beskrywing | Jaar | Klein vleisboere | Groot vleisboere | Wolboere | Ander | ANOVA F ¹ |
|-------------------------------------|------|------------------|------------------|----------|-------|----------------------|
| Plaasgrootte (ha) | 2012 | 3 977 | 11 014 | 9 475 | 4 979 | 5.79 ** |
| | 2013 | 4 211 | 10 523 | 10 268 | 4 977 | 7.69*** |
| Teel-ooie (getal) | 2012 | 390 | 859 | 927 | 339 | 8.59*** |
| | 2013 | 454 | 863 | 985 | 269 | 8.34*** |
| Veebelading (ha/grootskaap) | 2012 | 11.1 | 12.7 | 10.3 | 19.3 | 4.05** |
| | 2013 | 9.9 | 12.5 | 10.7 | 21.9 | 5.32** |
| Dorpers as % van teel-ooie | 2012 | 98 | 86 | 12 | 100 | 97.14*** |
| | 2013 | 96 | 85 | 12 | 100 | 81.26*** |
| Vleis as % van boerderyinkomste | 2012 | 84 | 93 | 55 | 49 | 8.03*** |
| | 2013 | 84 | 93 | 53 | 45 | 7.66*** |
| Vesel as % van boerderyinkomste | 2012 | - | - | 34 | - | 81.77*** |
| | 2013 | - | - | 39 | - | 122.55*** |
| Plaas as % v huishoudelike inkomste | 2012 | 87 | 74 | 93 | 42 | 6.92*** |
| | 2013 | 84 | 94 | 92 | 42 | 13.34*** |

¹ *** dui op p-waardes <0.000, ** op p-waardes <0.05, * dui op p-waardes <0.10

Tabel 2: Reproduksie prestasie

| Totale getalle | Jaar | Klein vleisboere | Groot vleisboere | Wolboere | Ander | ANOVA F ¹ |
|--|------|------------------|------------------|----------|-------|----------------------|
| Lammers gemerk | 2012 | 378 | 689 | 663 | 203 | 6.97*** |
| | 2013 | 412 | 657 | 755 | 167 | 6.17*** |
| Gehou vir vervanging | 2012 | 71 | 173 | 219 | 48 | 5.35** |
| | 2013 | 68 | 191 | 257 | 42 | 6.88*** |
| Verkope | 2012 | 288 | 452 | 332 | 147 | 3.28** |
| | 2013 | 306 | 415 | 382 | 107 | 3.88** |
| Deur roofdiere of honde gevang | 2012 | 14 | 63 | 76 | 6 | 4.77** |
| | 2013 | 36 | 55 | 114 | 17 | 1.71 ^{ns} |
| Ander verliese (siektes, diefstal, ens.) | 2012 | 5 | 3 | 22 | - | 2.02 ^{ns} |
| | 2013 | 11 | 17 | 53 | 2 | 1.49 ^{ns} |
| Speenpersentasie | 2012 | 99 | 81 | 70 | 63 | 4.36** |
| | 2013 | 90 | 78 | 75 | 67 | 1.76 ^{ns} |
| % ooie vervang | 2012 | 19 | 20 | 23 | 13 | 1.09 ^{ns} |
| | 2013 | 15 | 22 | 27 | 17 | 2.56* |

¹ *** dui op p-waardes <0.000, ** op p-waardes <0.05, * dui op p-waardes <0.10

Tabel 3: Winsgewendheid

| Rand per grootskaap (2012 pryse) | Jaar | Klein vleisboere | Groot vleisboere | Wolboere | Ander | ANOVA F ² |
|--|------|------------------|------------------|----------|--------|----------------------|
| Bruto inkomste uit kleinvee ¹ | 2012 | 679.54 | 474.92 | 504.73 | 419.13 | 2.34* |
| | 2013 | 577.29 | 383.55 | 666.60 | 413.00 | 4.31** |
| Voer | 2012 | 83.62 | 44.00 | 92.33 | 72.25 | 0.43 ^{ns} |
| | 2013 | 62.14 | 39.82 | 90.93 | 82.63 | 0.51 ^{ns} |
| Veemiddels | 2012 | 13.15 | 6.17 | 23.00 | 15.00 | 0.61 ^{ns} |
| | 2013 | 6.64 | 6.73 | 11.27 | 13.25 | 1.56 ^{ns} |
| Ramme | 2012 | 12.46 | 14.00 | 12.93 | 19.50 | 0.41 ^{ns} |
| | 2013 | 13.36 | 7.09 | 12.47 | 15.63 | 0.88 ^{ns} |
| Roofdierbeheer | 2012 | 10.31 | 27.58 | 6.07 | 8.88 | 2.64* |
| | 2013 | 3.36 | 18.82 | 5.27 | 11.75 | 2.96** |
| Skeerkoste | 2012 | 0.15 | - | 17.00 | 0.50 | 11.96*** |
| | 2013 | 4.43 | - | 14.00 | - | 3.39** |
| Vervoerkoste | 2012 | 13.54 | 2.08 | 5.00 | 2.75 | 0.80 ^{ns} |
| | 2013 | 6.79 | 2.55 | 5.00 | 2.88 | 0.42 ^{ns} |
| Brandstof | 2012 | 89.23 | 58.67 | 78.07 | 188.25 | 4.43** |

| | | | | | | |
|--|------|--------|--------|--------|---------|--------------------|
| | 2013 | 79.93 | 58.09 | 71.33 | 238.00 | 10.20*** |
| Elektrisiteit (pompkoste) | 2012 | 36.10 | 14.40 | 16.38 | 497.52 | 6.52** |
| | 2013 | 45.29 | 17.69 | 9.88 | 597.11 | 7.09*** |
| Herstel en onderhoud - masjinerie en voertuie | 2012 | 43.00 | 33.08 | 27.00 | 62.13 | 1.30 ^{ns} |
| | 2013 | 41.57 | 31.55 | 36.00 | 101.25 | 3.77** |
| Herstel en onderhoud - heinings, water en geboue | 2012 | 17.69 | 41.58 | 20.07 | 61.88 | 1.49 ^{ns} |
| | 2013 | 21.21 | 31.00 | 26.60 | 92.00 | 2.88** |
| Lone gereelde arbeid | 2012 | 52.23 | 38.33 | 44.00 | 279.63 | 7.73*** |
| | 2013 | 55.86 | 57.82 | 55.00 | 417.00 | 14.14*** |
| Lone tydelike arbeid | 2012 | 12.93 | 30.50 | 11.07 | 74.75 | 4.13** |
| | 2013 | 15.71 | 12.91 | 32.53 | 266.50 | 10.23*** |
| Totale uitgawes | 2012 | 384.40 | 310.40 | 352.92 | 1283.04 | 7.49*** |
| | 2013 | 356.29 | 284.05 | 370.28 | 1837.98 | 14.62*** |
| Netto boerderyinkomste | 2012 | 295.13 | 164.52 | 151.82 | | 8.52*** |
| | 2013 | 221.00 | 99.49 | 296.32 | | 16.83*** |

¹ Teen nominale pryse van R900 per lam vir 2012. Vir 2013 is vleisinkomste as R43.24 per kilogram maal met 17kg geneem indien nie gerapporteer. Veselinkomste vir 2012 is vanaf die gerapporteerde samestelling van boerderyinkomste geskat.

² *** dui op p-waardes <0.000, ** op p-waardes <0.05, * dui op p-waardes <0.10

Wat is die mees winsgewende tipe skaap?

Die grootste verskil in winsgewendheid lê tussen die skaapboere as geheel en die deeltydse-/besproeiingsboere. Laasgenoemde se eenheidskoste is beduidend hoër as dié van die skaapboere, wat daartoe lei dat hulle netto boerderyinkomste uit kleinvee uitgedruk per grootskaap in die kudde, beduidend laer is as die van die skaapboere. Die meeste van hulle pomp met ESKOM krag, waarvan die rekening maklik meer as R100 000 per jaar kan beloop. Daar is ook meer arbeid by saad- of vrugteproduksie as by 'n suiwer kleinveeboerdery betrokke.

In 2012 was die klein vleisboere se vleis- en wolinkomste per skaap beduidend hoër as dié van die deeltydse-/besproeiingsboere. In 2013 het die wolboere beduidend beter gevaar as die deeltydse-/besproeiingsboere en die groot vleisboere. As die twee jaar se data gekombineer word, is daar geen statistiese beduidende verskil tussen prestasie van die wol- en die klein vleisboere nie, en ook geen verskil tussen die prestasie van die groot vleisboere en die deeltydse/besproeiingsboere nie. Die wolboere en die meer intensiewe klein vleisboere was die winsgewindste.

As 'n mens net die drie kommersiële skaapboerdery tipes met mekaar vergelyk is daar nie 'n beduidende verskil tussen die groepe in eenheidskoste of netto boerdery inkomste per grootskaap nie. Die verskil in vleis- en veselinkomste per grootskaap was egter steeds beduidend in 2013. In 2012 was slegs die verskil tussen die groot ekstensiewe en die klein intensiewe vleisboere statisties beduidend.

Skaapboere het vier groot koste items – voer, arbeid, herstelwerk en brandstof. Saam verteenwoordig hierdie vier items meer as 90% van alle uitgawes. In Maart 2013 het die minimum loon vir die landbou van R69.40 na R105 per dag gestyg. Dit was 'n 51.3% verhoging. In nominale terme het die loonrekening van die gemiddelde skaapboer in Laingsburg met 48% gestyg. Skeerkoste het met 20% gedaal, permanente lone het met 49% gestyg en tydelike lone het met 79% gestyg. Ons sien dus 'n verdere verskuiwing van permanente na tydelike poste. Volgens die Kortbegrip van Landbou- statistiek het die prys van veevoere tussen 2012 en 2013 met 7% gestyg, terwyl die prys van herstelwerk en brandstof elk met 6% toegeneem het. Die gemiddelde skaapboer in Laingsburg se brandstofrekening het in nominale terme met 6% gestyg en sy herstelwerkrekening met 'n allemintige 25%. Die voerrekening was so te sê identies; die hoër pryse is in dié geval deur 'n kleiner voerbehoefte uitgekanselleer.

Gevolgtrekking

Daar bestaan nie iets soos 'n gemiddelde Laingsburg boer nie. Daar was nog altyd 'n besproeiingskomponent rondom die Buffelsrivier, maar grondwater word toenemend benut om groentesaad te verbou. Hierdie is tipies 'n meer intensiewe bedryf as skaapboerdery. Die meeste van die skaapboere is op vleisproduksie ingestel en hou Dorpers aan. Die kleiner meer intensiewe vleisprodusente het 'n speenpersentasie van 90% of meer, terwyl die groter meer ekstensiewe vleisboere darem 'n speenpersentasie van 80% handhaaf. Die wolboere se speenpersentasie lê tussen 70 en 75%, wat in lyn is met die langtermyn syfer vir Carnarvon Proefplaas.

Alle skaapboere is in 'n koste-knyptang vasgevang; vleispryse het in 2013 in vergeleke met 2012 gedaal en die wolprys slegs ongeveer 6% gestyg het. Daarteenoor het lone met meer as 50% en ander sleutel-insette met minstens 6% gestyg. In rieële terme het die groep boere se eenheidskoste gemiddeld met 17% gestyg. Onder hierdie omstandighede is min boere finansiëel veilig. Die enigste manier om die koste-knyptang te ontkom is om hulpbronne meer produktief te gebruik. Die versoeking is om meer vee aan te hou, maar in die langtermyn is oorbeweiding een van die grootste gevare van volhoubare boerdery in die Karoo. Beter bestuur is krities; produsente moet weet watter bedrywe geld maak en watter nie, en hulle moet seker maak dat hulle nie onoordeelkundig voer nie. Reprodusieprestasie moet meer aandag kry en moet wetenskaplik bepaal word.

Bronnelys

Department of Agriculture, Forestry and Fisheries. 2015. *Abstract of Agricultural Statistics*. www.daff.gov.za

Olivier, W. J., Snyman, M. A., Olivier, J. J., van Wyk, J. B. & G. J. Erasmus. 2001. Direct and correlated responses to selection for total weight of lamb weaned in Merino sheep. *South African Journal of Animal Science*, 31(2): 115-121.